Nadat die betalingsbalans in sy geheel vir ses opeenvolgende kwartale 'n oorskot getoon het, is daar gedurende die derde kwartaal van 1973 'n tekort van R63 miljoen aangeteken. Hierdie tekort was die netto gevolg van 'n groot netto uitvloeiing van kapitaal en 'n aansienlike oorskot op die lopende rekening. Terugbetalings van buitelandse lenings deur die sentrale regering en die private sektor, en die omskakeling van finansiering van die buitelandse handel vanaf oorsese na binnelandse finansieringsbronne op grond van die laer peil van rentekoerse in Suid-Afrika as in die buitenland, was hoofsaaklik vir die netto kapitaaluitvloeiing verantwoordelik. Die oorskot op die lopende rekening het egter gedurende die derde kwartaal aansienlik toegeneem, hoofsaaklik as gevolg van 'n groter toename in die totaal van goedere-uitvoere en die netto goudproduksie as in goedere-invoere. Gedurende Oktober en November het verskeie buitelandse ontwikkelings wat Suid-Afrika se betalingsbalans beïnvloed het, plaasgevind.

'n Besonder welkome ontwikkeling was 'n betekenisvolle verlangsaming in die koers van toename van verbruikerspryse vanaf ongeveer April tot Oktober 1973, wat in die eerste plaas aan 'n afname in die

koers van toename van voedselpryse toegeskryf kon word. Die koers van toename in pryse, en meer in die besonder groothandelspryse, is egter nog steeds op 'n hoë peil.

Die monetêre en banktoestand is gedurende die derde kwartaal van 1973 gekenmerk deur 'n voortgesette vinnige styging in die hoeveelheid geld en kwasi-geld en volgehoue groot toenames in bankkrediet aan die private sektor. Aangesien die netto goud- en ander buitelandse reserwes 'n klein afname getoon het, was die verdere skerp styging in die hoeveelheid geld en kwasi-geld gedurende die derde kwartaal bykans uitsluitend gebaseer op die uitbreiding van bankkrediet.

Die toestand op sowel die geld- as die kapitaalmark het gedurende die loop van die derde kwartaal aansienlik verander. As gevolg van 'n buitengewone sameloop van omstandighede het die toestand op die geldmark gedurende die laaste twee weke van Augustus vernou en het die korttermynrentekoerse op verskillende geldmarkinstrumente aansienlik gestyg. Gedurende September het die toestand betreklik stram gebly maar gedurende Oktober ietwat verruim. Korttermynrentekoerse het in die algemeen egter geneig om op die hoër peile te bly wat gedurende September bereik is. Met ingang 15 November het die handelsbanke hulle prima uitleenkoerse met $\frac{1}{2}$ persent tot 8 persent verhoog. Die toestand op die kapitaalmark het eweneens geneig om teen die einde van die derde kwartaal strammer te word, soos geblyk het uit die gebrek aan ondersteuning vir nuwe uitgiftes teen die bestaande opbrengskoerse op die mark vir langtermyn- vaste-rentedraende effekte. Die omset op die effektebeurs sowel as aandelepryse, met uitsondering van goud- en steenkoolmynaandele, het gedurende die derde kwartaal gedaal en dividendopbrengskoerse het toegeneem. Alhoewel die vloei van fondse na die bouverenigings na 'n laer peil afgeneem het, het die bedrag aan nuwe voorskotte toegestaan gedurende die derde kwartaal 'n nuwe rekord behaal.

'n Kenmerk van die staatsfinansies gedurende die eerste ses maande van die lopende fiskale jaar was die aansienlike opbouing van regeringsdeposito's. Die kontantsaldo op die Skatkisrekening, insluitende fondse beskikbaar op die Stabilisasierekening, het teen die middel van September 'n rekordvlak van nie minder nie as R1 157 miljoen bereik. Hierdie ontwikkeling, wat gedurende die derde kwartaal 'n duidelike invloed op die toestand op die geldmark gehad het, was die netto gevolg van 'n hoë peil van belastingontvangste, werklike afnames in uitreikings op die Leningsrekening, en groot beleggings in staatseffekte, in die besonder deur die monetêre banksektor. Ooreenkomstig die verwagtings, het regeringsdeposito's daarna egter begin daal.

Nasionale rekeninge

Versnelling in ekonomiese groeikoers


Die matige oplewing in die reële binnelandse ekonomiese bedrywigheid wat sedert die vierde kwartaal van 1972 ondervind is, het gedurende die derde kwartaal verdere stukrag gekry. Ofskoon byna alle sektore van die volkshuishouding deel gehad het aan die toename in die reële ekonomiese bedrywigheid gedurende hierdie kwartaal, is die grootste bydraes tot die verdere versnelling in die groeikoers deur die sektore nie-goudmynbou, fabriekswese, handel, en vervoer, opberging en kommunikasie gelever. Die verbetering in die groeiprestasie van die volkshuishouding in sy geheel gedurende die derde kwartaal van 1973 was nog meer indrukwekkend indien die negatiewe bydrae tot versnelde groei deur die landbousektor in aanmerking geneem word.

Teen heersende pryse is die buitengewoon hoë koers van toename in die bruto binnelandse produk wat gedurende die eerste kwartaal van 1973 behaal is, nie gedurende die tweede kwartaal gehandhaaf nie en het dit gedurende die derde kwartaal effens verder gedaal. Die rede vir hierdie afwyking tussen die veranderinge in die koerse van toename in die bruto binnelandse produk teen konstante en heersende pryse is dat die afgeleide bruto binnelandse produkdeflator, d.w.s. die maatstaf van totale prysbewegings in die binnelandse produksie, gedurende die tweede en derde kwartale teen 'n heelwat laer koers as gedurende die eerste kwartaal van die jaar toegeneem het. Die toename in die bruto binnelandse produk teen heersende pryse wat gedurende die derde kwartaal aange-teken is, was ongeveer gelykop verdeel tussen die vergoeding van werknemers en die bruto bedryfsurplus. Hoër salarisse en lone wat deur die mynbousektor en openbare owerhede betaal is, was hoofsaaklik vir die toename in die vergoeding van werknemers verantwoordelik, terwyl hoër winste wat in die mynbou-, die fabriekswese-, en die vervoer, opberging en kommunikasiesektore gerealiseer is, die toename in die bruto bedryfsurplus verklaar het. Ofskoon hoër pryse, soos die hoër gemiddelde goudprys op die private mark, tot die toename in winste bygedra het, wil dit voorkom asof die grootste bydrae van verhoogde produksie afkomstig was, in die besonder in die nie-goudmynbou- en fabriekswesesektore.

Skerp verdere styging in die totale monetêre vraag

Gedurende die derde kwartaal van 1973 het die totale binnelandse vraag, soos gemeet aan die hand van die bruto binnelandse besteding, teen 'n hoë koers toege-neem. Al die komponente van die totale besteding, met uitsondering van die voorraadinvestering, tesame met hoër goedere-uitvoere en netto goudproduksie, het tot die verdere uitbreiding van die ekonomiese bedrywigheid gedurende die derde kwartaal van 1973 bygedra.

Bruto binnelandse besteding



Persentasieverandering in private verbruiksbesteding

	1972	Eerste drie kwartale van 1973
Teen heersende pryse:	11	14
Duursame goedere	11	21
Semi-duursame goedere	8	14
Nie-duursame goedere	12	16
Dienste	12	11
Teen konstante 1963-pryse:	3½	5
Duursame goedere	4	11
Semi-duursame goedere	2	6
Nie-duursame goedere	4	4
Dienste	4	4

Hoë koers van toename in private verbruiksbesteding teen heersende pryse

Nadat die private verbruiksbesteding teen heersende pryse gedurende die tweede kwartaal van 1973 teen 'n betreklik hoë koers toegeneem het, het dit gedurende die derde kwartaal teen 'n opmerklik laer koers gestyg. Hierdie verwikkeling kon egter hoofsaaklik toegeskryf word aan 'n merkbare afname in die koers van toename in verbruikerspryse in die algemeen. Die reële private verbruiksbesteding het teen ongeveer dieselfde koers as gedurende die vorige kwartaal toegeneem.

Verbruiksbesteding aan duursame en semi-duursame goedere, soos motors, meubels en huishoudelike toestelle, en klerasie en skoeisel het teen sowel heersende as konstante pryse voortgegaan om teen betreklik hoë koerse toe te neem. Die besteding aan nie-duursame goedere en dienste teen heersende pryse, aan die ander kant, het 'n veel laer koers van toename aangeteken, hoofsaaklik as gevolg van 'n laer koers van prysstygings, veral voedselpryse. Die koers van toename in die besteding aan nie-duursame goedere en dienste teen konstante pryse het weinig verandering getoon.

Die totale opswaai in die verbruikersvraag in die algemeen, en na duursame en semi-duursame goedere in die besonder, word die beste toegelig deur die bygaande tabel wat die toenames in die verbruiksbesteding toon vir 1972 en vir die eerste drie kwartale van 1973 in vergelyking met dieselfde tydperk van 1972.

Toename in owerheidsverbruiksbesteding


Die lopende besteding deur die algemene owerheid aan goedere en dienste, wat reeds gedurende die tweede kwartaal van 1973, gedeeltelik as gevolg van salaris- en loonaanpassings wat vanaf 1 April van krag geword het, 'n styging getoon het, het gedurende die

derde kwartaal van 1973 'n verdere aansienlike toename getoon. Dit was veral waarneembaar in die verbruiksbesteding van sowel die sentrale regering as van die provinsiale administrasies. In eersgenoemde geval was die toename van 'n algemene aard terwyl die opwaartse beweging in die verbruiksbesteding deur provinsiale administrasies hoofsaaklik uit groter lopende besteding aan onderwys en die onderhoud van paaie en brûe voortgespruit het.

Welkome oplewing in die bruto binnelandse vaste investering

Die bruto binnelandse vaste investering, wat gedurende die eerste helfte van 1973 traag gebly het, het gedurende die derde kwartaal 'n duidelike styging getoon. Verhoogde uitgawes aan geboue en konstruksiewerke en aan nuwe vervoertoerusting en masjinerie en ander toerusting het in ongeveer gelyke mate tot hierdie toename in die totale vaste investering bygedra.

Bruto binnelandse vaste investering teen heersende pryse



Die grootste toename in die vaste kapitaalbesteding gedurende die derde kwartaal van 1973 het in die geval van openbare owerhede voorgekom. Hierdie toename toon in werklikheid 'n duidelik merkbare ommekeer van die afwaartse neiging wat sedert die begin van 1973 waargeneem is en hoër vaste kapitaaluitgawes deur die algemene afdelings van openbare owerhede op gemeenskaps- en maatskaplike dienste en verhoogde kapitaaluitgawes deur die poswese aan nuwe masjinerie en toerusting was hoofsaaklik hiervoor verantwoordelik.


Vaste kapitaalbesteding deur die privaatsektor het ook gedurende die derde kwartaal van 1973 'n merkbare toename getoon, hoofsaaklik in die vorm van groter besteding aan vervoertoerusting en masjinerie en ander toerusting. Die belangrikste gedeelte van die toename in nuwe investering het in die mynbousektor voorgekom en was ongeveer gelykop verdeel tussen goudmyne en ander myne. Die nuwe investering in goudmyne kan toegeskryf word aan die sink van nuwe skagte, as gevolg van die gunstige prys van goud op die private mark, terwyl vaste kapitaaluitgawes van nie-goudmyne toegeskryf kan word aan nuwe projekte en uitbreidingsprogramme, hoofsaaklik deur platina-myne. Hersiene ramings vir die private fabriekswese dui op 'n klein opswaai in die vaste investering gedurende die tweede kwartaal van 1973 en hierdie effense opwaartse neiging is gedurende die derde kwartaal gehandhaaf. Die gemiddelde peil van die vaste investering deur die private fabriekswese gedurende die eerste drie kwartale van 1973 was nietemin nog steeds aansienlik laer as die peil gedurende die ooreenstemmende tydperk in 1972.

Nadat dit gedurende die tweede kwartaal van 1973 baie sterk gestyg het, het die vaste kapitaaluitgawes deur openbare korporasies gedurende die derde kwartaal van 1973 slegs 'n geringe verdere styging getoon. Die toename in uitgawes deur ondernemings in die fabriekswese, in die besonder Yskor, is bykans heeltemal geneutraliseer deur 'n afname in die uitgawes van korporasies wat elektrisiteit en water voorsien.

Afname in voorrade

Ná 'n betreklik klein netto toevoeging tot voorrade gedurende die tweede kwartaal van 1973, het die vlak van voorrade gedurende die derde kwartaal gedaal. Hierdie afname in voorrade kan moontlik gedeeltelik aan die wêreldwye tekort aan sekere basiese grondstowwe toegeskryf word. 'n Toename in nywerheids- en handelsvoorrade is meer as geneutraliseer deur 'n afname in diamantvoorrade en landbouvoorrade in die handel. Dit wil derhalwe voorkom asof die toenames in die binnelandse produksie en invoere geheel en al deur hoër verbruiksbesteding, vaste investering en uitvoere geabsorbeer is en dat daar min gelaat is vir 'n toevoeging tot voorrade.

Totale voorrade uitgesonderd landbouvoorrade



Verdere toename in die binnelandse besparing

Hoofsaaklik as gevolg van groot toenames in maatskappybesparing en in die lopende surplus van die algemene owerheid, het die bruto binnelandse besparing weer die bruto binnelandse investering oorskry, met die gevolg dat fondse beskikbaar was om Suid-Afrika se netto skuldposisie teenoor die buiteland te verminder. Die toename in maatskappybesparing kan hoofsaaklik aan groter winste in die algemeen toegeskryf word, terwyl die toename in die lopende surplus van die algemene owerheid aan 'n opmerklike toename in belastingontvangste te danke was. Voorsiening vir waardevermindering het sy normale toename getoon terwyl persoonlike besparing op ongeveer dieselfde vlak wat in die tweede kwartaal behaal is, gebly het.

Produksie, handel en werkgeleentheid

Met die koers van toename in die reële bruto binne-landse produk wat vir die vierde opeenvolgende kwartaal gestyg het, kan daar geen twyfel bestaan dat die Suid-Afrikaanse volkshuishouding in 'n opwaartse fase van die konjunkturgolf is nie. Verskeie algemene ekonomiese aanwysers, wat hoofsaaklik reële ekonomiese bedrywigheid weerspieël, het gedurende die tweede en derde kwartale van 1973 skerp toenames getoon. Die styging in ekonomiese bedrywigheid het ook met 'n toename in arbeidsproduktiwiteit en 'n beter benutting van produksiekapasiteit gepaard gegaan.

Ná twee jaar van baie stadige groei het die fabrieksproduksie gedurende die eerste nege maande van 1973 teen 'n betreklik hoë koers toegeneem. Gedurende hierdie tydperk was die seisoensaangesuiwerde indeks van die fisiese volume van fabrieksproduksie gemiddeld bykans 9 persent hoër as gedurende die ooreenstemmende tydperk van 1972. Hierdie versnelling in die koers van toename in die volume van die produksie was hoofsaaklik die gevolg van 'n hoër koers van toename in die produksie van duursame goedere. Verder dui 'n baie hoë koers van toename in die waarde van onvoltooide bestellings vir duursame sowel as vir nie-duursame goedere, wat gedurende die eerste drie kwartale van 1973 aangeteken is, daarop dat 'n


verdere toename in fabrieksproduksie gedurende die res van 1973 en vroeg in 1974 verwag kan word. Die versnelling in die koers van toename in die fabrieksproduksie het gepaard gegaan met 'n aansienlike styging in die benutting van produksiekapasiteit.

In teenstelling met 'n daling van 4,4 persent in die totale mynbouproduksie in 1972, was die volume van produksie in die eerste nege maande van 1973 gemiddeld 3,2 persent hoër as in die ooreenstemmende tydperk van 1972. Die opswaai in die mynbouproduksie was veral duidelik ná April 1973, ten eerste as gevolg van 'n aansienlike versnelling in die koers van toename van die nie-goudmynbouproduksie en ten tweede as gevolg van 'n geringe toename in die goudmynbouproduksie. Die gemiddelde indeks van die nie-goudmynbouproduksie was vir die eerste nege maande van 1973 14,1 persent hoër as gedurende die ooreenstemmende tydperk van die vorige jaar. Toenames in die produksie van platina, steenkool, mangaanerts en boumateriale het die grootste bydraes tot hierdie hoë koers van toename gemaak. Ná 'n byna voortdurende daling vanaf die middel van 1970, het die volume van die goudproduksie gedurende die tweede kwartaal van 1973 afgeplat en in die derde kwartaal selfs 'n geringe toename getoon.

Die waarde van bouplanne goedgekeur vir woongeboue en woongeboue voltooi het voortgegaan om gedurende die derde kwartaal van 1973 skerp te styg, terwyl die ooreenstemmende syfers vir die konstruksie van nie-woongeboue min verandering getoon het. Woongeboukonstruksie is aangehelp deur 'n verdere skerp styging in nuwe voorskotte wat deur bouverenigings gedurende die derde kwartaal vir nuwe geboue toegestaan is. Geoordeel volgens die betreklik skerp en volgehoue styging in sementproduksie en die produksie van ander nie-metaalhoudende mineraalprodukte (wat hoofsaaklik deur die konstruksiebedryf gebruik word) sedert die vierde kwartaal van 1972, wil dit voorkom asof die bou- en konstruksiebedrywigheid in die algemeen lewendig is.


Ná 'n matige styging gedurende die eerste vier maande van 1973, het die waarde van kleinhandelsverkope teen konstante pryse, gedurende die vier maande geëindig Augustus duidelik gestyg. Hoofsaaklik as gevolg van die skerp stygende neiging in motorverkope, het die motorhandel gedurende die eerste nege maande van 1973 lewendige handelstoestande ondervind. Gedurende die eerste tien maande van 1973 het die totale aantal nuwe motorvoertuie verkoop met nie minder nie as $21\frac{1}{2}$ persent gestyg en het die aantal nuwe motors verkoop in vergelyking met dieselfde tydperk van die vorige jaar met soveel as 31 persent toegeneem. Teenoor die volgehoue stygende tendens van die motorverkope, het die omvang van handelsvoertuigverkope wat gedurende die eerste kwartaal van 1973 bereik is, in die daaropvolgende maande tot Oktober min of meer onveranderd gebly.

Fisiese volume van produksie



Duidelike toenames in die waarde van transaksies in vaste eiendom, invoere, uitvoere en bankdebiteringe, is verdere aanwysers van gunstige toestande wat deur die meeste sektore van die volkshuishouding ondervind word. Die opwaartse neiging in die ekonomiese bedrywigheid sedert die vierde kwartaal van 1972 is ook weerspieël in die seisoensaangesuiwerde aantal werklose Blankes, Kleurlinge en Asiërs, wat vanaf 13 326 in Oktober 1972 tot 9 677 in Oktober 1973 gedaal het.

Algemene ekonomiese aanwysers




Pryse

Ná 'n buitengewone hoë jaarkoers van toename van 11,4 persent vanaf Junie 1972 tot Maart 1973, het die jaarkoers van toename in die seisoensaangesuiwerde verbruikersprysindeks 'n bemoedigende afname tot 7,8 persent vanaf Maart tot Oktober 1973 getoon. Die verlangsaming van die jaarkoers van toename kan hoofsaaklik toegeskryf word aan 'n afname in die jaarkoers van toename in voedselpryse vanaf 20,8 tot 9,5 persent gedurende hierdie twee tydperke. Hierdie gunstige verandering in die koers van toename in pryse moet versigtig vertolk word, aangesien die koers van toename in voedselpryse weer gedurende die drie maande geëindig Oktober versnel het, wat 'n hoër koers van toename in pryse in die algemeen tot gevolg gehad het. Boonop sal die verhoging in die pryse van petroleumprodukte met ingang 25 Oktober 1973 eers in die amptelike prysindekse vanaf November weerspieël word.

Vanaf Desember 1972 tot Oktober 1973 het die seisoensaangesuiwerde verbruikersprysindeks teen 'n jaarkoers van 9,8 persent gestyg. Pryse van goedere het gedurende hierdie tydperk teen 'n jaarkoers van 10,5 persent toegeneem, waarby die belangrikste bydraes tot hierdie styging van voedsel, wat teen 'n jaarkoers van nie minder nie as 17,9 persent gestyg het, en van klerasie- en skoeiselpryse afkomstig was. Groot bydraes tot die hoë jaarkoers van toename in voedselpryse is deur graanprodukte (wat teen 'n jaarkoers van 21,0 persent gestyg het), vleis (19,4 persent), groente (28,2 persent) en vrugte en neute (30,9 persent) gemaak. Pryse van dienste het regdeur die eerste tien maande van 1973 voortgegaan om teen 'n betreklik vinnige koers te styg.

Verbruikerspryse



Verbruikerspryse

Jaarkoers van verandering in seisoensaangesuiwerde indeks

	Junie 1972 tot Maart 1973 %	Maart 1973 tot Okt. 1973 %	Des. 1972 tot Okt. 1973 %
Dienste:	9,8	8,1	8,7
Behuising	9,5	6,6	7,8
Ander	10,2	10,8	10,2
Goedere:	12,4	7,6	10,5
Voedsel	20,8	9,5	17,9
Meubels en toebehore	7,9	5,7	6,5
Klerasie en skoeisel .	6,8	10,3	10,2
Voertuie	6,3	3,8	1,3
Ander	7,6	5,6	5,1
Totaal	11,4	7,8	9,8

Vanaf Desember 1972 tot September 1973 het die seisoensaangesuiwerde groothandelsprysindeks teen 'n jaarkoers van nie minder nie as 15,7 persent gestyg. 'n Betekenisvolle ontwikkeling wat gedurende hierdie tydperk waargeneem is, was die feit dat pryse van goedere geproduseer in Suid-Afrika 'n hoër jaar-koers van toename as ingevoerde goedere aangeteken het, nl. 16,5 persent teenoor 13,3 persent.

Betalingsbalans


Tekort op betalingsbalans

Nadat die betalingsbalans in sy geheel vir ses opeenvolgende kwartale 'n oorskot getoon het, is 'n tekort ten bedrae van R63 miljoen gedurende die derde kwartaal van 1973 aangeteken. Vir die eerste nege maande van die jaar het die oorskot op die betalingsbalans in sy geheel R220 miljoen bedra, vergeleke met 'n oorskot van R338 miljoen in die ooreenstemmende tydperk van 1972. Hierdie effense verswakking het voorgekom ondanks die feit dat die saldo op lopende rekening gunstig gebly het, en is veroorsaak deur 'n aansienlike netto uitvloeiing van kapitaal gedurende die derde kwartaal. Die uitvloeiing was hoofsaaklik die gevolg van die terugbetaling van buitelandse lenings deur die sentrale regering en die private sektor, en 'n omskakeling in die finansiering van buitelandse handel vanaf buitelandse bronne na binnelandse bankkrediet as gevolg van die laer vlak van rentekoerse in Suid-Afrika as in die buiteland.


Aansienlike oorskot op lopende rekening

Gedurende die derde kwartaal het die lopende rekening van die betalingsbalans vir die derde opeenvolgende kwartaal 'n oorskot getoon en wel ten bedrae van R162 miljoen. Dit het die totale oorskot vir die eerste nege maande van 1973 op nie minder nie as


Lopende rekening van die betalingsbalans



Saldo op lopende rekening



Totale kapitaalbewegings



R396 miljoen te staan gebring, vergeleke met 'n oorskot van slegs R69 miljoen gedurende die ooreenstemmende tydperk van 1972. Gedurende die loop van hierdie drie kwartale het die oorskot op lopende rekening eers vanaf 'n seisoensaangesuiwerde jaar-koers van R533 miljoen in die eerste kwartaal tot R338 miljoen in die tweede kwartaal gedaal voordat dit weer in die derde kwartaal tot R519 miljoen toegeneem het. Die aansienlike toename in die oorskot op die lopende rekening gedurende die afgelope kwartaal was die netto gevolg van 'n skerp styging in goedere-uitvoere en die netto goudproduksie wat meer as vergoed het vir die aansienlike toename in goedere-invoere.

Goedere-uitvoere het aansienlik vanaf 'n seisoensaangesuiwerde jaar-koers ten bedrae van R2 432 miljoen gedurende die tweede kwartaal tot R2 867 miljoen gedurende die derde kwartaal van 1973 toegeneem. Gedurende laasgenoemde kwartaal het daar egter belangrike veranderings in die bydraes van die hoofgroepe van uitvoerprodukte tot die toename

in uitvoere voorgekom. Waar toenames in die uitvoere van landbouprodukte en diamante hoofsaaklik vir die oplewing in goedere-uitvoere gedurende die vorige een en 'n half jaar verantwoordelik was, het diamante, basiese metale en tekstiel- en mineraalprodukte die grootste bydraes gedurende die derde kwartaal gemaak. Gedurende hierdie kwartaal het die waarde van landbouprodukte uitgevoer in werklikheid gedaal.

Die waarde van die netto goudproduksie het gedurende die derde kwartaal weereens aansienlik toegeneem en teen 'n seisoensaangesuiwerde jaar-koers het dit soveel as R1 972 miljoen bedra. In teenstelling met die voorafgaande kwartale was die toename in die netto goudproduksie nie alleen die gevolg van 'n toename in die gemiddelde goudprys op die private mark nie, maar kan dit ook gedeeltelik aan 'n toename in die volume van goudproduksie toegeskryf word.


Die waarde van goedere-invoere, wat gedurende die vierde kwartaal van 1972 begin toeneem het, het gedurende die derde kwartaal van 1973 voortgegaan om te styg. Nadat invoere 'n seisoensaangesuiwerde jaar-koers van R3 235 miljoen in die tweede kwartaal bereik het, het dit in die derde kwartaal van 1973 tot nie minder nie as R3 684 miljoen toegeneem. Hierdie aansienlike toename kan nie alleen toegeskryf word aan die hoër pryse van ingevoerde goedere weens die hoë inflasiekoerse wat in die buiteland ondervind word nie, maar ook aan 'n toename in die volume van invoere as gevolg van 'n versnelling in die binnelandse besteding. Alhoewel die meeste hoofgroepe van ingevoerde goedere tot die toename in goedere-invoere bygedra het, het besonder groot toenames in die invoer van masjinerie en elektriese toerusting, vervoertoerusting, tekstiele en tekstielprodukte, basiese metale en chemiese produkte voorgekom.

Aansienlike netto uitvloeiing van kapitaal

'n Aansienlike netto uitvloeiing van kapitaal ten bedrae van R225 miljoen is gedurende die derde kwartaal van 1973 aangeteken. Tesame met die netto invloeiing van kapitaal wat gedurende die eerste helfte van die jaar aangeteken is het die *netto* uitvloeiing gedurende die eerste nege maande van 1973 op R176 miljoen te staan gekom, vergeleke met 'n netto invloeiing van R269 miljoen gedurende die ooreenstemmende tydperk van 1972.

Soos in die bygaande tabel aangetoon word, het die samestelling van kapitaalbewegings in die derde kwartaal van 1973 baie verskil van dié in die tweede kwartaal. In teenstelling met die tweede kwartaal toe openbare korporasies nog steeds 'n groot netto bedrag in die buiteland geleen het, het hierdie organisasies gedurende die derde kwartaal 'n klein netto terugbetaling op langtermynlenings gemaak. Hierbenewens het sowel die private sektor as die sentrale regering en banksektor groot uitvloeiings van langtermynkapitaal gedurende die derde kwartaal getoon. Die netto uitvloeiing van korttermynkapitaal gedurende die derde

Netto goudproduksie



Netto kapitaalbewegings

R miljoene

	1973	
	Tweede kwartaal	Derde kwartaal
Private sektor:	-17	-161
Buitelandse langtermynlenings van openbare korporasies	58	-3
Ander langtermynkapitaal	1	-69
Korttermynkapitaal, insluitende handelskrediete, foute en onaangetekende transaksies	-76	-89
Sentrale regering en banksektor:	-13	-64
Langtermynlenings van die sentrale regering	42	-68
Ander	-55	4
Netto kapitaalbewegings	-30	-225

kwartaal is weer op sy beurt hoofsaaklik teweeggebring deur die omskakeling deur invoerders van 'n groot bedrag van finansiering van buitelandse handel vanaf buitelandse na binnelandse bronne.


Die aansienlike netto kapitaaluitvloeiing gedurende die derde kwartaal kan in 'n groot mate toegeskryf word aan die laer rentekoersstruktuur in Suid-Afrika as in die buiteland en aan die beskikbaarheid van fondse in die binnelandse geld- en kapitaalmarkte. In die besonder het hierdie faktore tot die aansienlike terugbetaling van buitelandse lenings deur die sentrale regering.

Afname in goud- en ander buitelandse reserwes

Die netto resultaat van hierdie verskillende transaksies op die lopende en kapitaalrekening was dat die goud- en ander buitelandse reserwes gedurende die derde kwartaal met R63 miljoen gedaal het. Indien aansuiwerings as gevolg van veranderings in die wisselkoers van die rand in berekening gebring word, het die goud- en ander buitelandse reserwes met soveel as R98 miljoen gedaal. Hierdie afname is in sy geheel in die valuta-reserwes van die Reserwebank weerspieël, aangesien die goudreserwes van die Bank in werklikheid gedurende hierdie kwartaal effens gestyg het. Die goud- en ander buitelandse reserwes van die sentrale regering en ander monetêre bankinstellings het bykans onveranderd gebly.

Gedurende die loop van die derde kwartaal het veranderings in die goud- en ander buitelandse reserwes groot skommelings getoon, wat in 'n groot mate saamgehang het met die datums waarop buitelandse lenings terugbetaal is en die aantekening van waardasie-aansuiwerings. Nadat die goud- en ander buitelandse reserwes met nie minder nie as R89 miljoen in Julie toegeneem het om 'n rekordvlak van R1 430 miljoen aan die einde van die maand te bereik, het dit

Goud- en ander buitelandse reserwes



daarna aansienlik met R187 miljoen tot 'n vlak van R1 243 miljoen, waarvan die Reserwebank R1 080 miljoen gehou het, aan die einde van September gedaal.

Ontwikkelings gedurende Oktober en November

Vanaf 30 September het die goud- en ander buitelandse reserwes wat deur die Reserwebank gehou word met R23 miljoen tot R1 103 miljoen op 26 Oktober gestyg, voordat dit met R111 miljoen tot R992 miljoen op 16 November gedaal het. Soos in die derde kwartaal, is hierdie afname hoofsaaklik weerspieël in die Reserwebank se besit aan buitelandse valuta. Die buitelandse reserwes van die sentrale regering het gedurende Oktober min verandering getoon.

Maandelikse handelstatistiek wat deur die Departement Doeane en Aksyns vrygestel word, toon 'n voortgesette groot tekort op die goedere-handelsrekening wat in Oktober 1973 R104 miljoen bedra het. Hierdie tekort het voorgekom nie teenstaande 'n skerp styging in goedere-uitvoere. Nadat goedere-uitvoere vanaf 'n seisoensaangesuiwerde jaarsyfer van R2 588 miljoen in Julie tot R2 183 miljoen in September gedaal het, het dit in Oktober tot nie minder nie as R2 490 miljoen gestyg. Aan die ander kant het goedere-invoere ook aansienlik gestyg vanaf 'n seisoensaangesuiwerde jaarkoers van R3 682 miljoen in September tot R3 810 in Oktober.

Op die internasionale front was daar gedurende Oktober en November verskeie ontwikkelings wat Suid-Afrika se betalingsbalans beïnvloed het. Op 6 Oktober het oorlog in die Midde-Ooste uitgebreek en dit het gelei tot beperkings op olie-uitvoere deur die meeste van die olieproduserende lande in daardie gebied en ook tot hoër oliepryse. Vanaf die einde van Oktober het die waarde van die dollar aansienlik verstewig en 'n dienooreenkomstige appresiasie het gevolglik in die eksterne waarde van die rand voorgekom. Rentekoerse in die buiteland het op 'n hoë vlak gebly en geneig om te verstewig terwyl die gemiddelde goudprys op die Londense mark gedaal het. Op 13 November het die Verenigde State en ses Wes-Europese lande (België, Wes-Duitsland, die Verenigde Koninkryk, Nederland, Italië en Switserland) ooreengekom om die 1968-goudooreenkoms, waarvolgens 'n tweeprys-goudmark ingestel is, te beëindig. Die aanvanklike uitwerking van hierdie verwikkeling was 'n verdere daling van die goudprys.

Monetêre en banktoestand

Geld en kwasi-geld

Gedurende die derde kwartaal van 1973 het die seisoensaangesuiwerde hoeveelheid geld en kwasi-geld met R281 miljoen of teen 'n jaarkoers van 22 persent toegeneem. Dit kan vergelyk word met 'n seisoensaangesuiwerde jaarkoers van toename van 21 persent gedurende die tweede kwartaal en van nie minder nie as 40 persent gedurende die eerste kwartaal van die jaar. Vir die eerste nege maande van 1973 as geheel het die jaarkoers van toename 28 persent bedra. As gevolg van die styging in geld en kwasi-geld gedurende die derde kwartaal het die verhouding van geld en kwasi-geld tot die bruto binnelandse produk, albei ná uitskakeling van die seisoensinvloed, effens verder gestyg vanaf 29,5 persent in die tweede kwartaal tot 29,7 persent in die derde kwartaal.

Die volgehoue sterk opwaartse beweging van geld en kwasi-geld gedurende die derde kwartaal was byna geheel en al die gevolg van verdere groot toenames in bankkrediet, in die besonder aan die private sektor. Die netto goud- en ander buitelandse reserwes van die banksektor, wat vanaf die einde van 1971 tot die einde van Julie 1973 byna sonder onderbreking toegeneem het, het gedurende Augustus en September taamlik aansienlik (met R110 miljoen, seisoensaangesuiwer) gedaal; dit wil voorkom of daar gedurende Oktober 'n verdere geringe daling plaasgevind het. Die netto eise van die banksektor teen die regeringsektor het, nadat dit vanaf die einde van die eerste kwartaal van 1973 tot die einde van Augustus met ongeveer R200 miljoen gedaal het, gedurende September opmerklik gestyg met R126 miljoen as gevolg van 'n afname in regeringsdeposito's.

Oorsake van verandering in geld en kwasi-geld, 1973

R miljoene


	Seisoensinvloed nie uitgeskakel nie			Seisoensinvloed uitgeskakel		
	1e kw.	2e kw.	3e kw.	1e kw.	2e kw.	3e kw.
Netto goud- en ander buitelandse reserwes	169	105	-133	160	34	-64
Eise teen die regeringsektor:						
Bruto eise	143	286	104
Regeringsdeposito's*	-228	-270	-78
Netto eise	-85	16	26	122	-113	49
Eise teen die private sektor	361	363	475	371	416	417
Langtermyn private deposito's*	-61	-164	-121	-18	-226	-119
Netto ander bates en laste	-185	63	58
Totale oorsake	199	383	305	415	258	281

*Toename - ; afname +


Gedurende die derde kwartaal het die eise van die monetêre banksektor teen die private sektor met R417 miljoen of teen 'n jaarkoers van 37 persent toegeneem; dit kan vergelyk word met toenames van R416 miljoen en R371 miljoen gedurende die tweede en eerste kwartaal van die jaar onderskeidelik. Die totale toename in bankkrediet aan die private sektor gedurende die eerste nege maande van die jaar het gevolglik te staan gekom op effens meer as R1 200 miljoen of op 'n jaarkoers van toename van 39 persent. Opvallende skommelings het egter in die maandelikse bedrae van hierdie toenames voorgekom. Ná 'n baie groot styging van R236 miljoen gedurende Augustus, was die toename in September slegs R59 miljoen.

Soos gedurende die tweede kwartaal van die jaar, is die uitwerking van die verskillende faktore wat tot die styging in geld en kwasi-geld bygedra het, nog steeds in 'n nie-onbeduidende mate deur opmerklike verdere stygings in die langtermyndeposito's van die private sektor by die monetêre banksektor geneutraliseer. Gedurende die derde kwartaal van die jaar het die seisoensaangesuiwerde toename in hierdie deposito's R119 miljoen bedra, wat egter aansienlik minder was as die toename wat gedurende die voorafgaande drie maande aangeteken is.

Monetêre ontleding



Oorsake van veranderings in geld en kwasi-geld



Bankkrediet

In teenstelling met ontwikkelings gedurende die tweede kwartaal van 1973, gedurende welke tyd die monetêre banke ook aansienlike toevoegings tot hul beleggings in effekte van die private sektor gemaak het, is die toename in die eise van die banksektor teen die private sektor gedurende die derde kwartaal geheel en al verklaar deur toenames in die banke se diskonteringe en voorskotte. Die handelsbanke, aksepbanke en monetêre huurkoop- en algemene banke het hul diskonteringe en voorskotte in werklikheid met R485 miljoen vermeerder, vergeleke met 'n toename in hierdie vorms van krediet van R488 miljoen vir die banksektor in sy geheel. Onder die verskillende klasse monetêre bankinstellings is die vinnigste koers van toename by die uitbreiding van diskonteringe en voorskotte aan die private sektor weer eens deur die monetêre huurkoop- en algemene banke aangeteken. Vanaf die einde van Desember 1972 tot die einde van September 1973 het die persentuele toename in die diskonteringe en voorskotte aan die private sektor van hierdie twee klasse monetêre bankinstellings nie minder nie as 50 persent bedra. Die ooreenstemmende persentuele toenames in die leningsvoorsiening deur die handels- en aksepbanke was 37 en 39 persent onderskeidelik.

Kredietvoorsiening deur middel van die verdiskontering van bankaksepte en handels- en landbouwissels het voortgegaan om vinniger te styg as die totaal van die monetêre banke se diskonteringe en voorskotte aan die private sektor. Gedurende die derde kwartaal van 1973 het die monetêre banke se besit aan private wissels en bankaksepte in werklikheid met nie minder nie as R130 miljoen tot R680 miljoen, of met 24 persent, toegeneem. Hierdie toename het egter feitlik geheel en al gedurende Julie en Augustus voorgekom.

Banklikwiditeit

Die oorskot-likwiditeitsverhouding van monetêre bankinstellings, wat aan die einde van Julie 1973 op ongeveer dieselfde vlak gestaan het as aan die einde van April (4,5 persent), het skerp gedaal tot 2,3 persent aan die einde van Augustus en gedurende September slegs 'n betreklik geringe herstel getoon. Afgesien daarvan dat dit die uitwerking van die banke se vinnige kredietuitbreiding weerspieël het, was die daling van hierdie verhouding in Augustus ook die gevolg van faktore, soos die toename in regeringsdeposito's, 'n daling van die goud- en ander buitelandse reserwes, en 'n opvallende styging van die bedrag aan note in omloop, wat gedurende die tweede helfte van daardie maand tot die skerp vernouing van die geldmark bygedra het.

Handelsbanke, aksepbanke en monetêre huurkoop- en algemene banke

Oorskot- likwiditeitsverhoudings, April tot September 1973-(%)

	Julie	Aug.	Sept.
Handelsbanke	5,3	3,0	3,2
Aksepbanke	1,9	1,2	1,6
Monetêre huurkoop- en algemene banke	3,4	0,8	2,0
Totaal	4,5	2,3	2,7

Toestand op die geldmark en korttermynrentekoerse


Ná 'n skerp vernouing gedurende die laaste twee weke van Augustus, as gevolg van die buitengewone sameloop van omstandighede waarna hierbo verwys is, het die toestand op die geldmark gedurende September betreklik stram gebly. Dit was grotendeels die gevolg van 'n verdere afname van R96 miljoen in die netto besit aan goud- en buitelandse reserwes van die Reserwebank wat 'n afname van R150 miljoen in regeringsdeposito's gedeeltelik geneutraliseer het. Hierbenewens het die notesirkulasie aan die einde van September 'n verdere betreklik groot toename in vergelyking met die vorige maandeinde getoon terwyl die Reserwebank en NFK se besit aan Landbankwissels afgeneem het nadat dit die seisoenale hoogtepunt bereik het. Daggeldlenings by die diskontohuise, wat aan die einde van Augustus tot R254 miljoen gedaal het, het gevolglik slegs effens tot R256 miljoen aan die einde van September gestyg. Onder hierdie omstandighede het die akkommodasie wat deur die Reserwebank onder die nuwe reëlings aan die diskontohuise verleen is, plus die akkommodasie verleen aan ander banke in die vorm van terugkoop-ooreenkomste, aan die einde van September gesamentlik R371 miljoen beloop nadat dit gedurende die eerste paar dae van die maand 'n bedrag van R338 miljoen bereik het. In hierdie verband is daar ook deur die Voorsitter van die Nasionale Finansiële Korporasie, tydens die korporasie se Jaarlikse Algemene Vergadering op 30 Oktober, aangekondig dat, met ingang Oktober, die goudpremie wat aan die goudmyne betaalbaar is, voortaan kort voor die einde van elke maand betaal sou word in plaas van vroeg in die volgende maand, ten einde die verlies aan fondse vir die geldmark wat ontstaan uit die toename in die bedrag aan note in sirkulasie met maandeindes, teen te werk.

'n Taamlik aansienlike verruiming van die geldmark gedurende Oktober, wat onder meer uit 'n voortgesette afname in regeringsdeposito's voortgespruit het, het meegebring dat daggeldlenings by die diskontohuise aan die einde van die maand 'n peil van R331 miljoen bereik het. Rentekoerse op geldmarkinstrumente het egter geneig om op die hoër peile te bly wat gedurende September bereik is. Die koers op bankaksepte van 3 maande, wat vanaf 3,8 persent op 10

Augustus tot 5,7 persent op 21 September gestyg het, het byvoorbeeld aan die einde van Oktober op 6,0 persent gestaan. Die koers op VDS-e van 90 dae wat op 10 Augustus 3,5 persent was, was 6,75 persent aan die einde van September en Oktober en 7,0 persent in die middel van November. Die skatkiswissel-tenderkoers het gestyg vanaf net meer as 2,5 persent in die middel van September tot 2,70 persent op 16 November.

In ooreenstemming met die stygende peil van rentekoerse op geldmarkinstrumente, het bankinstellings ná die middel van September betreklik algemeen geneig om hulle koerse op sekere deposito's te verhoog tot die maksima wat onder die depositokoersbeheerregulasies toegelaat word. Dit is gevolg deur 'n verhoging van $\frac{1}{2}$ persent, tot 8 persent, in die handelsbanke se prima uitleenkoers met ingang 15 November.

Geldmark- en verwante rentekoerse



Staatsfinansies

Skatkisrekening


Die mees opvallende kenmerk van die Skatkisrekening gedurende die eerste helfte van die huidige fiskale jaar, d.w.s. vanaf April tot September 1973, was die aansienlike opbouing van deposito's, hoofsaaklik as gevolg van lopende ontvangste wat hoër was as wat verwag is, 'n lae peil van uitreikings uit die Leningsrekening en 'n aansienlike toename in die monetêre banksektor se besit aan staatskuldbewyse. Laasgenoemde toename is egter meer as geneutraliseer deur die toename in deposito's met die gevolg dat die Skatkis se netto skuldposisie teenoor die monetêre banksektor gedurende die tydperk 'n opmerklike daling getoon het.

Ontvangste (uitgesonderd lenings) was heelwat hoër as wat verwag is en het 'n toename van nie minder nie as 34 persent getoon vergeleke met dieselfde tydperk 'n jaar gelede. Hierdie persentasie kan vergelyk word met 'n begrote toename van 9 persent vir die fiskale jaar as geheel. Totale uitreikings uit die Inkomste-, Lenings- en Suidwes-Afrikarekening, waarvan verwag is dat dit gedurende die jaar as geheel met byna 20 persent sou styg, het gedurende die halfjaar-tydperk met slegs 6 persent toegeneem vergeleke met die tydperk April tot September 1972. Hoewel die toename in uitreikings op Inkomsterekening ook ietwat laer was as wat begroot is, is die laer as verwagte koers van toename in die totale uitreikings gedurende die afgelope ses maande grotendeels veroorsaak deur 'n werklike afname van R100 miljoen in die fondse wat uit Leningsrekening beskikbaar gestel is, vergeleke met dieselfde tydperk 'n jaar gelede.

Hierdie uiteenlopende neigings van uitreikings en ontvangste het gelei tot 'n tekort op die Skatkisrekening van slegs R32 miljoen gedurende die eerste helfte van die fiskale jaar, wat 'n skerp teenstelling gevorm het met die tekort van R403 miljoen in dieselfde tydperk van 1972. Tesame met hierdie kleiner tekort, het die private nie-banksektor 'n netto bedrag van R121 miljoen in staatskuldbewyse, insluitende leningsheffings, belê en die Staatskuldkommissaris het 'n verdere R77 miljoen tot die skatkisfinansies bygedra. Soos hierbo aangetoon, het die monetêre banksektor ook groot bedrae (R389 miljoen) in staatskuldbewyse belê en die netto resultaat was dat, selfs met inagneming van die delging van R86 miljoen van buitelandse skuld, die skatkisdeposito's gedurende die tydperk van ses maande met R469 miljoen gestyg het. Hierdie deposito's het in werklikheid teen die middel van September 'n rekordvlak van R1 157 miljoen bereik maar daarna seisoenaal tot R873 miljoen aan die einde van Oktober gedaal. Gedurende die tydperk as geheel is die Skatkis se netto skuldposisie teenoor die monetêre banksektor gevolglik met R80 miljoen verminder.

Alhoewel die monetêre banksektor se besit aan sowel staatseffekte as skatkiswissels gedurende die tydperk onder beskouing taamlik aansienlik gestyg het, was veral die toename in laasgenoemde opmerklik. Die monetêre banksektor se besit aan skatkiswissels, wat gedurende die afgelope drie jaar geen noemenswaardige verandering getoon het nie, het veral sedert die begin van 1973 'n opvallende opwaartse tendens getoon. Soos in die bygaande grafiek getoon word het uitstaande bemarkbare skatkiswissels in werklikheid vanaf R120 miljoen aan die einde van 1972 tot R372 miljoen op 31 Augustus gestyg voordat dit tot R306 miljoen op 31 Oktober afgeneem het.

Totale bemarkbare skatkiswissels uitstaande



Effekte-uitgifte en -aflossing

Tussen 24 en 31 Oktober 1973 is 'n verdere uitgifte van die 7 $\frac{3}{4}$ persent 1998-effek vir openbare inskrywing beskikbaar gestel. Dit is ook aan die besitters van 'n effekte-uitgifte van R35 miljoen wat op 1 November verval het, vir omsetting aangebied. Beleggers het vir slegs ongeveer R5 miljoen van die uitgifte aansoek gedoen terwyl R33 miljoen van die uitgifte wat op 1 November verval het, in kontant terugbetaal moes word, insluitende ongeveer R10 miljoen aan die Staatskuldkommissaris.

Kapitaalmark

Die toestand op die kapitaalmark het teen die einde van die derde kwartaal van 1973 geneig om strammer te word na 'n tydperk waarin die toestand betreklik ruim was gedurende die eerste agt maande van die jaar. Opbrengskoerse op langtermyn- vaste-rentedraende effekte het ietwat verstewig, aandeelpryse het afwaarts beweeg en opbrengskoerse op aandele het toegeneem en die vloei van fondse na die bouverenigings het afgeneem na 'n laer vlak.

Mark vir vaste-rentedraende effekte

Die toestand in die mark vir vaste-rentedraende effekte, wat gedurende die eerste agt maande van 1973 taamlik ruim was, het gedurende September geneig om ietwat strammer te word. Hierdie verandering is nie soseer in 'n werklike styging in opbrengskoerse weerspieël nie maar eerder in die traagheid aan die kant van beleggers om nuwe uitgiftes teen die heersende opbrengskoerse te ondersteun. Verwagtings dat opbrengskoerse in die nabye toekoms sou kon styg verklaar waarskynlik dié gedrag van beleggers. Die oorheersende opbrengskoers op nuwe uitgiftes van langtermyn-semi-prima-effekte het byvoorbeeld

vanaf ongeveer 8,75 persent in Januarie tot ongeveer 8,03 persent aan die begin van September afgeneem en daarna weer gestyg tot 'n peil van ongeveer 8,25 persent aan die einde van September. Die opbrengskoers op langtermynstaatseffekte is gedurende Maart 1973 vanaf 8,125 persent na 7,75 persent verlaag en het daarna onveranderd op hierdie peil gebly. Die jongste uitgifte van staatseffekte teen dié opbrengskoers gedurende Oktober het egter slegs 'n baie beperkte bedrag aan inskrywings getrek. Die opbrengskoers op maatskappy-obligasies het vanaf 9,50 persent aan die begin van 1973 tot 9,125 persent in Augustus afgeneem en daarna weer tot 9,25 persent in Oktober gestyg.


Aandelemark

Met uitsondering van goud- en steenkoolmynaandele, het aandeelpryse vanaf Februarie tot Mei 1973 geneig om afwaarts te beweeg. Gedurende Junie en Julie was daar 'n toename in die pryse van die meeste klasse aandele maar die verbetering is nie gedurende die oorblywende deel van die derde kwartaal en Oktober volgehou nie. Die effektebeursomset, soos gemeet volgens die aantal aandele wat verhandel is, was gedurende die derde kwartaal en Oktober ook merkbaar laer vergeleke met die eerste ses maande van 1973 en hierdie gebrek aan beleggersbelangstelling het bygedra tot die hernieude afname in aandeelpryse veral gedurende Augustus en September. Die verloop van goudmynaandeelpryse is sterk beïnvloed deur veranderinge in die prys van goud op die private mark en transaksies in hierdie aandele het geneig om die effektebeurstoneel regdeur die eerste tien maande van die jaar te oorheers.

Die dividendopbrengskoers op alle klasse aandele, wat feitlik deurlopend vanaf 4,30 persent in Desember 1972 tot 4,00 persent in Julie 1973 gedaal het, het gedurende Oktober tot 4,62 persent gestyg. Aangesien die opbrengskoers op langtermynstaatseffekte nie toegeneem het nie, het die omgekeerde rendementsgaping tussen hierdie opbrengskoers en die dividendopbrengskoers op aandele afgeneem vanaf 3,6 persent in Junie 1973 tot 3,1 persent in Oktober.

Effektetrusts het, in ooreenstemming met die swakker neiging op die effektebeurs gedurende die derde kwartaal, 'n toenemende uitvloeiing van fondse in die vorm van terugkope van eenhede ondervind. Die betrokke bedrag het R19 miljoen beloop, vergeleke met R11 miljoen gedurende die tweede kwartaal. Die trusts was gevolglik netto verkopers van effekte terwyl hulle besit aan kontant en deposito's ook vanaf R20 miljoen aan die einde van Junie tot R16 miljoen aan die einde van September 1973 afgeneem het. As gevolg van hierdie verwikkelings en die algemene daling in aandeelpryse gedurende Augustus en September, het die markwaarde van die trusts se netto bates afgeneem vanaf R500 miljoen aan die einde van Junie tot R413 miljoen aan die einde van September.

Rente- en opbrengskoerse



Bouverenigings

Die vloei van fondse na die bouverenigings, wat gedurende die tweede kwartaal van 1973 uitsonderlik groot was, het gedurende die derde kwartaal tot 'n laer vlak afgeneem. Die verenigings se netto invloeiing van fondse gedurende die eerste drie kwartale van 1973 het alreeds die rekord jaartotaal wat gedurende 1972 aangeteken is, oorskry. Soos in die bygaande tabel getoon word, het die toename in verbandlenings uitstaande en in nuwe verbandlenings toegestaan eweneens die rekord jaarsyfers wat in 1972 aange-teken is, oorskry.

Die kleiner invloeiing van nuwe fondse gedurende die derde kwartaal het die bouverenigings genoop om hul rentekoers op deposito's van tussen 12 en 24 maande vanaf 15 September tot 7 persent te verhoog nadat hulle dit slegs drie maande vroeër tot 6,5 persent verlaag het. Die meeste bouverenigings het ook met ingang Augustus 1973 hul verbandkoerse ten opsigte van woonhuise en ander geboue vanaf 8,75 persent en 9,50 persent tot 8,50 persent en 9,00 persent per jaar onderskeidelik verlaag.

Die vinniger tempo waarteen nuwe verbande toegestaan is, het gedurende die eerste drie kwartale van 1973 gelei tot 'n toename van R197 miljoen in die bouverenigings se verpligtings ten opsigte van verbande toegestaan maar nog nie uitbetaal nie en het hul totale uitstaande verpligtings op 30 September

Bouverenigings

R miljoene

	Netto invloeiing van fondse	Toename in uit- staande voorskotte	Nuwe voorskotte toegestaan
1972	493	371	870
1973: 1ste kw.	169	124	217
2de kw.	271	130	329
3de kw.	184	187	411
Totaal, drie kwartale	624	441	957

1973 op R458 miljoen te staan gebring. Die akkumulasie van surplusfondse in die vorm van toenames in hul besit aan likwiede bates en die opgeskorte ander voorgeskrewe beleggings het egter nie tred gehou met hul stygende verpligtings nie aangesien dié besit met slegs R160 miljoen toegeneem het. Die verhouding van uitstaande verpligtings tot die totaal van likwiede bates en die opgeskorte ander voorgeskrewe beleggings het gevolglik toegeneem vanaf 45 persent aan die einde van 1972 tot 61 persent aan die einde van September 1973.

Ingevolge die wysigings tot die Bouverenigingwet vroeër vanjaar, het die Minister van Finansies die volgende maksimum persentasies van alle voorskotte of hervorskotte wat vanaf 1 Oktober 1973 gedurende 'n jaar toegestaan word en wat aan die verskillende soorte verbande toegedeel kan word, vasgestel, naamlik: 20 persent ten opsigte van woonhuise waar die uitstaande bedrag R18 000 oorskry; 15 persent ten opsigte van woonstelle; en 3 persent ten opsigte van geboue vir sakedoeleindes.

Bouverenigings

